
Heidelbergse Kategismus

Sondag: 18

Heidelbergse Kategismus — Sondag: 18

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel*?	Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het.
Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?	Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.
Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?	Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid.
Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?	Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel*?




Markus 16:19: Nadat die Here Jesus met hulle gepraat het, is Hy in die hemel opgeneem en het aan die regterhand van God gaan sit.

Lukas 24:51: Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan, en is in die hemel opgeneem.

Handelinge 1:9: Toe Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle toekyk, en 'n wolk het Hom uit hulle gesigsveld weggeneem.

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel*?

Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem



Romeine 8:34: Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree.

Efesiërs 4:10: Die Een wat neergedaal het, is dieselfde Een wat opgevaar het tot bo al die hemele, sodat Hy alle dinge kon vul.


Kolossense 3:1: As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.

Hebreërs 4:14: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons styf vashou aan ons belydenis.

Hebreërs 9:24: Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn;

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel*?


Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het.



Matteus 24:30: 30 "Dan sal die teken van die Seun van die Mens aan die hemelruim verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rouklaag, en hulle sal die Seun van die Mens sien kom op die wolke van die hemel met krag en groot heerlikheid.

Handelinge 1:11: "Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus, wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het.


Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?



Matteus 28:20: En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.

Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?

Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie,



Matteus 26:11: Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.

Johannes 16:28: Ek het van die Vader af gekom en in die wêreld ingegaan. Ek verlaat weer die wêreld en gaan terug na die Vader."


Johannes 17:11: Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is nog in die wêreld, en Ek kom na U. Heilige Vader, bewaar hulle wat U aan My gegee het in u Naam, sodat hulle, net soos Ons, een kan wees

Handelinge 3:21: Terwyl die man aan Petrus en Johannes bly vashou, het die hele volk stomgeslaan om hulle saamgedrom in die pilaargang bekend as die Pilaargang van Salomo.

Hebreërs 8:4: As Hy dan op aarde was, sou Hy nie 'n priester gewees het nie, aangesien daar priesters is wat die gawes volgens wet bring.

Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?

Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.




Matteus 28:20: En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Johannes 14:16–18: En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Hy is die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig.




Jeremia 23:24: Of kan iemand in geheime plekke wegkruip, en Ek hom nie sien nie?" is d uitspraak van die HERE. "Vul Ek nie die hemel en die aarde nie?" is die uitspraak van d HERE.

Handelinge 7:49: Die hemel is my troon, en die aarde die voetbank vir my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of waar is my rusplek?

Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid.



Matteus 28:6: Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek, soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het,

Johannes 3:13: En niemand het na die hemel opgevaar nie behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, dit is die Seun van die Mens.

Johannes 11:15: en ter wille van julle is Ek bly dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe."


Kolossense 2:9: Want in Hom woon die hele volheid van die Godheid liggaamlik.

Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is.




Romeine 8:34: Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree.

1 Johannes 2:1: My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, sodat julle nie moet sondig nie; en wanneer iemand sondig, het ons Jesus Christus, die Regverdige, as Parakleet by die Vader.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem.




Johannes 14:2: In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei.

Johannes 17:24: Vader, Ek wil hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My kan wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het, omdat U My van voor die grondlegging van die wêreld liefgehad het.

Efesiërs 2:6: Ja, Hy het ons in Christus Jesus saam opgewek, en saam laat sit in die hemel,

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur



Johannes 14:16: En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Johannes 16:7: Ek vertel julle egter die waarheid: Dit is voordelig vir julle dat Ek weggaan. As Ek nie weggaan nie, sal die Parakleet nie na julle kom nie. As Ek egter weggaan, sal Ek Hom na julle stuur


Handelinge 2:33: Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor.

2 Korintiërs 1:22: wat ons ook verseël en die Gees as waarborg in ons harte gegee het.

2 Korintiërs 5:5: Hy wat ons juis hiervoor voorberei het, is God, wat aan ons die Gees as waarborg gegee het.

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.



Filippense 3:20: Ons burgerskap is egter in die hemel, vanwaar ons as Verlosser die Here Jesus Christus verwag.

Kolossense 3:1: As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.

SONDAG: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 46

46 Vraag: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?[1]
Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem[2] en Hy is vir ons daar ten goede[3] totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het

1 Markus 16:19; Lukas 24:51; Handelinge 1:9
2 Romeine 8:34; Efesiërs 4:10; Kolossense 3:1; Hebreërs 4:14; Hebreërs 9:24
3 Matteus 24:30; Handelinge 1:11

SONDAG: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 47

Vraag: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?[1]
Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie[2], maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie[3].

1 Matteus 28:20
2 Matteus 26:11; Johannes 16:28; Johannes 17:11; Handelinge 3:21; Hebreërs 8:4
3 Matteus 28:20; Johannes 14:16-18

SONDAG: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 48

Vraag: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?
Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig[1]. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid[2] is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

1 Jeremia 23:24; Handelinge 7:49
2 Matteus 28:6; Johannes 3:13; Johannes 11:15; Kolossense 2:9

SONDAG: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 49

Vraag: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?
Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is.[1] Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem.[2] Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur[3] deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.[4]

1 Romeine 8:34; 1 Johannes 2:1
2 Johannes 14:2; Johannes 17:24; Efesiërs 2:6
3 Johannes 14:16; Johannes 16:7; Handelinge 2:33; 2 Korintiërs 1:22; 2 Korintiërs 5:5
4 Kolossense 3:1; Filippense 3:20

Kopiereg

© 2026